

## JESUS (in die boek Mattheus)

### Hoofstuk 1-9.

15 Oktober 2017

### GROEP NOTAS

- UP. (Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuigenis van iets wat God gedoen het?)
- Lees die volgende Skrifte saam deur en bespreek die vrae:

Matt 2:6

“En jy, Betlehem, gebied van Juda, jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie. Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees.”

- Wat dink jy is sommige van die kwaliteite van 'n goeie leier?
- Jesus is 'n leier wat ook 'n herder is. Hoe dink jy verskil Jesus se leiers-eienskappe van meeste politiese of wêreldse leiers wat ons vandag sien?

Matt 4:4 - Maar Hy antwoord: “Daar staan geskrywe...”

- Jesus het versoeking met Skrif beveg. Watter versoekings is vir jou sterker as ander?
- Help mekaar om 'n Bybelvers te vind waarmee elkeen in die groep sy/haar sterkste versoeking kan beveg!

Matt 5:13

“Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.”

- Met sout in gedagte, watter effek dink jy behoort ons te hê op die samelewing om ons? (bv. smaak, preserveermiddel...)

Matt 7:21

“Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.”

- Jesus wil nie net ‘Here Here’ genoem word sonder dat gehoorsaamheid dit vergesel nie. Hoe kan ons die wil van die Vader uitvind?
- Is daar tans iets waarin jy ongehoorsaam is? Is jy bereid om dit teenoor God te bely en weg te draai daarvan? Doen dit nou in die groep.

✓ Bid vir mekaar, vriende en familie.